DIE HENK BOEKIE

VROUELIDMATE – NG KERK IN NOORDKAAP

MAART 2011 NUUSBRIEF NR 93

Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die Here, wat jou liefhet – Jes. 54:10

Hemelse Vader, ek weet dat u liefde vir my onverganklik is en dat niks my ooit daarvan kan skei nie. Selfs in die swaarkry tye sal ek jubel. Here ons bid vir elkeen wat skade gekry het met die vloedwaters.

Inhoudsopgawe

Redakteurnuus	Bl. 03
Die tjilp van ‘n Mossie	Bl. 04
Walles se snoephoekie	Bl. 08
Vrouediens versus Vrouelessenaar	Bl. 10
Wisselwerking	Bl. 11
Palm Sondag	Bl. 14
Teetyd	Bl. 15
Kom ons lees	Bl. 25
Die vrou en verhoudings	Bl. 26
Projek vir fondsinsameling	Bl. 29
Vrouefees	Bl. 30
Noordkaap en vloedwaters	Bl. 32
Maak ‘n verskil	Bl. 38
Iets om oor na te dink	Bl. 41
Inskrywingsvorm vir Vrouefees	Bl. 43

Jy is welkom om ‘n brief te skryf vir plasing. Jy kan anoniem bly indien jy dit verkies. Pos briewe aan: Die Pienkboekie Posbus 123 Lime Acres 8410 of stuur dit via epos aan: jasnet@vodamail. co.za



HOEKOM MOET EK 13 EN 14 MEI ONTHOU??

Van die Redakteur

Ja die rustyd, saamkuier met jou dierbares, familie, vriende, ooreet, ure langs die strand stap of sommer in ‘n skaduhoekie in jou tuin sit en boeklees, ens is verby en die nuwe jaar het met ‘n spoed begin.

Wat gaan ek en jy in die nuwe jaar doen? Gaan ons betrokke raak in ons gemeente/gemeenskap (*Leer, leef en dien*)? Gaan ons ‘n verskil maak in ons gemeenskap (*leer, leef en dien*) maar boewenal genoeg tyd afstaan aan jou geliefdes sodat jy ‘n verskil aan hulle kan maak. Hierdie is vrae - wat net ek en jy vir onsself kan antwoord.

2011 wat beplan ons vir *DIE PIENKBOEKIE ?*

- Ons visie is *Christen vroue leer, leef en dien met liefde.*
- *O*m hierby aan te sluit gaan ons ‘n reeks doen oor verhoudings.
  - Ds FD Hugo gaan vir ons artikels skryf oor hoe hanteer ek my werkende kind in die huis en hoe hanteer dié werkende kind sy/haar ouers. (Dankie ds FD)
  - Ds Ankia du Plooy gaan vanaf die tweede kwartaal ‘n reeks doen oor die ***Vrou en haar verhouding met…*** (Dankie ds Ankia)
- Daar gaan na die Vrouefees (Mei 2011) ‘n spesiale fees uitgawe wees.
- Die laaste uitgawe vam 2011 se tema is: Kersfees in my gemeente.
- Die 11 ringe van die Noordkaap kry elkeen ‘n geleentheid gedurende die jaar om artikels in te stuur vir die *Pienkboekie.* Maak asb seker wanneer dit julle gemeente se beurt is. As julle iets met ons wil deel, en dit is nie julle ring se beurt, is julle welkom om dit te stuur. (Stuur dit asb in *WORD-FORMAAT)*

Baie dankie aan almal wat help met die *PIENKBOEKIE.* Dankie vir diegene wat soms net skakel om my te bedank vir die boekie – ek waardeer dit baie. Sonder jul bydraes is ek verlore – so asb stuur artikels in.

Groete en sien julle by die fees.

Janetta

Die tjilp van 'n Mossie

Deur Ds Mossie Mostert Predikant in Sinodale Diens Kimberley

BEDIENINGSVERNUWING – WAG-'N-BIETJIE

'n Paar persone (17) het vanaf 1-4 Februarie 2011 in uitvoering van die opdrag van die sinode van 2010 saam gedink oor "*kleinerwordende gemeentes*". Die opdrag van die sinode: **besin oor die bediening en bedieningstrukture in die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland**. Dr. Jan Woest van Namibië het as fasiliteerder/begeleier opgetree.

Soos vermeld in *eNuus Jaargang 2 - Uitgawe 39 - 16 November 2010* verstaan die taakspan sy opdrag

> *"as 'n proses wat opgang moet kom – 'n proses van nuut dink oor bediening in die lig van die Woord – 'n proses waarin die diverse konteks van die gemeentes in Noord-Kaapland in ag geneem word. Hierdie proses moet die taakspan begelei en in stand hou. 'n Kultuur van voortdurende luister moet in die sinode, ringe, gemeentes (lidmate) en tussen leierskap gevestig word. Ons besef dat die taakspan hierdie proses moet bestuur, want die proses is 'n nie-reguit lynige proses waarin voortdurend evaluering en herbeplanning moet plaasvind. Ons besef dat die taakspan 'n kommunikatiewe rol het. Ons sal voortdurend die "hoe/wat" van die proses aan alle rolspelers moet kommunikeer. Ons glo dat die sukses van die proses in 'n groot mate afhang van die oop, eerlike kommunikasie... ons wil evaluerend-krities kyk na wat besig is om in ons sinode, ringe en gemeentes te gebeur – of anders gesê: Wat God besig is om te doen? Ons wil kyk na wat moet verander – watter waardes, paradigmaskuiwe moet plaasvind en watter strukture moet verander. Ons wil ook uitvind hoe ons die proses gaan aanpak. Wie moet ons betrek? Wat kan ons by wie leer? Vir hierdie*

geleentheid gaan ons lidmate betrek uit die ringe van Kimberley, Carnarvon en Deben om ons groep so divers moontlik te kry en ons te help in ons beplanning..."

Aan die einde van die byeenkoms het iemand gesê dat slegs 'n "*waggelende treetjie*" op 1-4 Februarie 2011 gegee is, máár "*saam sal ons soek...*" dinge is nie reglynig, dit is meer soos 'n kronkelpad...

As ek die paar dae met 'n **simbool** moet beskryf is dit met die "***Wag-'n-bietjie***.

Dikwels het ek gedink aan Moses by die braambos... het begrippe gehoor soos sentrering; koinonia en heilige gesprekvoering, voor God se gesig (*Coram Deo*), saam op pad (sunodos -συνοδοσ – Griekse woord waarvan die woord "sinode" afgelei is) ens.

Ek het gehuiwer tussen die *Wag-'n-bietjie* of *Witgat* (die Engelse praat van 'n "*Shepherd tree*")?

Ek kies egter vir die *Wag-'n-bietjie* met die baie geleerde naam *Ziziphus mucronata*. Ja, ek moet dié Latyn aanhaal, want sommige dominees het die ou-ou tale tog so lustig aangehaal...

Sonder om die simbool dood te skryf.... 'n paar gedagtes:

Ek het Donderdag toe ons saamvat die gevoel gekry die ouens sê vir mekaar "wag-'n-bietjie"... het eintlik die hele week gevoel God sê "wag-'n-bietjie"!

Ek het tydens koinonia verhale gehoor... en hier en daar wou die waaroms na die oppervlak kom?... Totius gebruik die *Wag-'n-bietjie* in sy gedig, *Die Godsbesluit*... ons het ook nagedink oor wat wil God...?

Die Godsbesluit - Totius

Wanneer ek nader kom dan sien
ek dorings krom en reg;
'k sien takke inmekaar gedraai
en deurmekaar gevleg.

En wil ek in die blare gryp
of aan die takke breek,
dan tas ek in 'n doringnes
wat vreeslik haak en steek.

Bo al u donker bome, o Heer,
groei my 'n enk'lereusboom uit
dit is die wag-'n-bietjie-bos
van u besluit.

Van ver so skoon, so groen, so blink…
maar hoe verward
wanneer ek dieper kyk en dink
as wat 'n sondaar pas.

En steek ek dan my hande uit
na u besluit,
dan gryp ek in die dorings vas.

Die *Wag-'n-bietjie* het 'n besondere vruggie – eers groen en as dit ryp word helder rooi.... en natuurlik die kenmerkende dorinkie vanwaar sy naam kom – een is gekrom (asof hy jou nader wink/hark en sê kom hier) en ook 'n reguit dorinkie soos 'n klein spies (waarmee hy homself verdedig). Elke takkie is simbool van 'n kronkelpad...

Op die internet lees ek:

> "The young twigs are zigzag, indicating that life is not always straightforward. Two thorns at the nodes are also significant; one facing backward represents where we come from and one facing forward, represents where we are going."

Lyk my die ou boompie se familie was selfs by die Kruis:

> "Historically, the genus is of interest. Christ's crown of thorns is supposed to have been made from *Ziziphus spina-christi*, a species which closely resembles *Ziziphus mucronata* but which grows from central Africa northwards."

Ek sê vir eers: Wag-'n-bietjie.... die taakspan sal eersdaags self terugvoer gee!

Ek glo...

Dat ons verantwoordelik is

vir wat ons doen,

ongeag hoe ons voel.



Gaan jy saam met my?

Ek wil gaan uitvind wat gebeur 13 en 14 Mei 2011

WALLES SE SNOEPHOEKIE

Paasfees is om die draai en ek het gedink 'n heerlike tuisgebakte paasbolletjie sal net die ding doen.

Paasbolletjies

450g witbroodmeel
5ml all spice (gemengde speserye)
2ml sout
120g gemengde droë vrugte (rosyne, sultanas, korente en sitrusskil)
50g (60ml) suiker
7g droë gis
55ml gesmelte botter/margarien
215ml louwarm melk
1eier, geklop

Versiersel (kruisie)

60ml witbroodmeel
15ml suiker
15ml melk
1 groot eier

Metode

- *Meng alle droë bestanddele, behalwe die droë vrugte .*
- *Meng alle nat bestanddele en meng in die meelmengsel in.*
- *Knie tot sagte deeg (voeg bietjie melk by as te styf is) Knie goed vir omtrent 10min tot lekker elasties.*
- *Maak toe en laat rys tot dubbel die grootte.*
- *Knie deeg af.*

- *Knie vrugte in en maak 12 bolletjies.*
- *Pak bolle langs mekaar op bakplaat en laat weer rys.*
- *Maak die versiersel aan tot gladde pasta. Skep dit in 'n versiersak of plastieksak waarvan 'n klein hoekie afgesny is. Spuit kruise oor bolletjies.*
- *Bak by 350 gr C vir 15 – 20min.*
- *Verf 'n bietjie suikerwater oor die bolletjies as uit die oond kom.*

Variasie: Laat vrugte en all spice uit en voeg sjokoladesplinters by en vanieljegeursel in all spice se plek.

Onfeilbare hoenderpastei

1 kg afgekookte hoendervleis (sowat 4kg rou hoender)
250ml dik witsous
150 gerasperde Cheddarkaas
50ml mayonnaise
1 klein blikkie stammetjies en stingel sampioene, gedreineer
2 geklitste eiers
Sout en peper na smaak
1 rolletjie klaar blaardeeg, in yskas ontdooi

Metode

Meng alle bestanddele , behalwe deeg en skep in vuurvaste bak. Sit deeg bo-oor en verf met bietjie ekstra geklitste eier oor, Bak by 200gr C vir 25-30min of tot lekker bruin bo-op.

Variasie: Jy kan deeg onderin bak ook sit, verf dan net die deeg met geklitste eier om te voorkom dat deeg sag is en nie deurbak nie. Hierdie resep kan vir klein pasteitjies ook gebruik word.

VROUEDIENS versus VROUELESSENAAR

Die volgende skrywe is ontvang:

> "***Die ring besluit dat die ringskommissie die verskil tussen die Vrouelessenaar en Vrouediens sal vasstel.*"**

Die Vrouelessenaar taakspan antwoord soos volg:

Die sinode het 'n paar jaar gelede die benamings en diensterreine van die verskillende kommissies verander. Met hierdie indeling het die Vrouediens as kommissie verval en het die bediening van die vrouelidmate onder die Gemeentebedieningskommissie geval. Daarmee het die ou reglement van die vrouediens eintlik verval.

In baie gemeentes het die vrouediens steeds voortgegaan om soos voorheen te funksioneer. In 'n paar gemeentes het die vrouediens heeltemal ophou funksioneer – sommige van hulle reeds voor die besluit van die sinode. In ander gemeentes het die vroue hulle op ander wyses georganiseer om steeds in die geestelike behoeftes van vrouelidmate te voorsien. Hierdie besluit van die sinode het dit vir gemeentes moontlik gemaak om met groter vryheid die bediening van Vrouelidmate uit te voer.

Mettertyd het die behoefte ontstaan dat daar tog 'n oorkoepelende komitee sal wees wat die onderskeie vrouebedieninge met mekaar kan laat skakel en saamwerk. Sodoende kan ons by mekaar leer en mekaar beter leer ken en ondersteun. Die Vrouelessenaar NK vervul hierdie rol.

Die Vrouelessenaar NK is dus die vergadering waar verteenwoordigers van die vrouedienste (van die gemeentes waar dit nog bestaan) en ander vrouebedieninge van die NG Kerk met mekaar kan gesels.

WISSELWERKING TUSSEN GEMEENTES, RINGE EN SINODE, ASOOK VERTEENWOORDIGING OP KERKRADE,RINGE EN SINODE.

Die ringverteenwoordigers moet verslag gedoen het oor hoe vrouelidmate in die verskillende ringsgemeentes funksioneer. Hier volg 'n kort opsomming van die vraelys>

1. **Hoeveel vrouelidmate is in die gemeente?**
   Aangesien daar van so min gemeentes terugvoer gegee het, is dit nie moontlik om te kan sê hoeveel vrouelidmate in die Noord-Kaap is nie. Die aantal vroue wat ter sprake is in die verslag is 2240.

2. **Hoe is hulle betrokke?**
   Die meeste vroue se betrokkenheid behels die bywoning van aktiwiteite wat aangebied word, maar ook die organisasie van die dienswerk aan en van die vrouelidmate. Baie is ook betrokke by die fisiese dienswerk van die vrouediens – soos kinderbediening, besoeke aan bejaardes, voedselvoorbereiding, ens.

3. **Hoe word vroue se betrokkenheid in die gemeente georganiseer?**
   In die meeste gemeentes word die aktiwiteite in wyksverband georganiseer

   Daar is ook gemeentes waar die gemeente in blokke verdeel is en elke blok dan vir sekere projekte verantwoordelikheid neem. (Die blokke bestaan uit 'n paar wyke wat saam gegroepeer word.)

4. **Watter vrouebyeenkomste word gereël en wat is die betrokkenheid?**

In sommige gemeentes is slegs 20% van die vroue betrokke by gemeente aktiwiteite en by ander is dit soveel as 50%.

In die meeste gemeentes is Bybelstudiegroepe wat weekliks bymekaarkom.

Omgee groepe kom ook weekliks en in sommige gemeentes, elke tweede week bymekaar

Wyksbyeenkomste/vrouebidure vind by sommige gemeentes kwartaalliks plaas en by ander maandeliks, behalwe in vakansietye.

Gemeentelike byeenkomste vir vroue vind in sommige gevalle slegs een of twee maal per jaar plaas, maar daar is gemeentes waar sulke byeenkomste nog op 'n kwartaallikse basis plaasvind. Die bywoning van hierdie byeenkomste wissel ook tussen 20% en 50%.

Op die platteland is afstande 'n groot probleem wat die bywoning van byeenkomste betref. In die groter dorpe is baie vroue werkend en dit veroorsaak ook swak bywoning van aktiwiteite.

5. Watter diensprojekte en toerustingsprojekte (o.a. temas) vind plaas?

<u>Aktiwiteite binne gemeenteverband</u>:

Gemeente-etes: Nagmaaletes, Kersetes, Bybeletes, "Op-die-plaasaand"; Liefdesmaal en sop en toebroodjies tydens Pinkster; etes vir senior lidmate; tee en eetgoed by begrafnisse; Basaars; Blomme vir spesiale geleenthede; reël van huwelikseminare, gemeentekampe en konferensies; geskenke vir matrieks en finalejaarskatkisante; kleuterkerk; kinderbond/kinderkrans; koskaste vir hulpbehoewendes; Bybelverspreidingsaksies; Wêreldbiddag vir Vroue en Bybelvasvra.

Aktiwiteite buite gemeenteverband:

Sopkombuise; broodjies by Vigs- en TB-klinieke; hulp by Huise vir bejaardes; hulp by dienssentrums; brei-projekte vir soweto, seemanne en vigswesies; bydraes en betrokkenheid vir die kinderhuise; huisvesting en onthaal van fietstoere; donasies aan verskeie sendingaksies;

Temas van byeenkomste

Kommunikasie en Konflikhantering

Koffie saam met die Koning

Goddelike verhoudings

Jy is spesiaal

Vyf tale van die Liefde

Soveel om voor dankbaar te wees

Bybelstudiemateriaal

Die Plan: F Hancke

Gebed: Johan Smit

Die boek Handelinge

Die Heidelbergse Kategismus

Uit die terugvoer wat ontvang is, is dit duidelik dat vroue op alle terreine van gemeentelike werksaamhede betrokke is en verseker ‘n baie belangrike rol in elke gemeente speel. Baie vroue dien op die kerkraad van gemeentes en is deel van die onderskeie kommissies van die gemeentes.

PALM SONDAG - 10 APRIL 2011

Maak 'n Palmtak-kruis vir Paasfees

Knip 'n palmtak, skeur in die helfte
Knip afgeskeurde deel in twee
Plaas opmekaar soos volg:



1) Vou agterste punt wat oorsteek vorentoe
2) Vou die takkie met die skerp punt agtertoe en weer vorentoe (360 grade)
3) Vou takkie met plat punt bo-oor (180 grade) en steek deur die lus wat agter gevorm het.
NB: Trek nou heeltemal deur. Die twee takkies is nou aanmekaar.
4) Maak dwarsbalk : Vou stomp takkie weer terug en steek weer deur die lus. Trek net genoeg deur om 'n helfte van dwarshout te vorm. Vou ander dwarshout terug en druk die punt deur die lus.
5) Vou die skerp punt deur sy lus en trek net kort genoeg deur om werklike balk te vorm. Die punt kan afgeknip word tot die regte lengte.



Van Karin Britz - Plooysburg

Maak hierdie Palmtak-kruis vir Paasfees hou dit in jou Bybel tot die volgende jaar se Aswoensdag.

(Oorgenee em vanaf Karin Britz – 'n vorige predikantsvrou van Plooysburg)

Teetyd saam met ander gemeentes

'n Vrouelidmaat van Philipstown skrywe...

"Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie."(Joh 14:27) Ek lees die teks weer en dit voel soos gister...

Ek sou myself as 'n christen kon beskryf 'n jaar gelede. 'n Christen wat bid, kerk toe gaan en my tiende gee, maar nie die soort christen wat in 'n tyd van nood of vreugde teksverse uit my kop kon opsê nie. My man beland skielik in die hospitaal. Dis chaos. Selfoon hou nie op met lui nie. Ek probeer my bes om antwoorde te hê en kalm te lyk as my kinders met trane na my kyk. Ontmoet dokter nommer drie en kan nie een se naam of titel onthou nie. Wag, die een is 'n o...loog en die ander 'n ietsie-ietsie ook met 'n loog of so iets. Teater toe. Dis half drie in die môre. Daar is niemand saam met my in die gang nie. Ek sit op 'n bank. Moeg, maar niks binne my gemoed wil tot rus kom nie. Ek berei my voor vir die ergste, hoe sal ek elke situasie hanteer. Ek werk uit wat ek op die plaas moet doen: wanneer moet ek lone betaal, watter kampe het nou weer die lammer ooie in, hoe lank dink ek (met my groot mediese kennis) sal hy in die hospitaal wees. Moenie huil nie... ek voel deurmekaar. Die kinders... Here! Ek begin met die tweehonderd en eerste gebed.

Skielik hoor ek 'n stem binne my. " Wees stil en weet , Ek is die Heer..." Dis asof alles binne my se handrem opgetrek raak en tot 'n stilstand kom.Dit was duidelik, baie duidelik. Die gang is stil... my gemoed is stil. Ek is amper te bang om asem te haal. Het ek reg gehoor?" Here, sê

asseblief net nog een sin", vra ek. Stilte. Vrede. 'n Vrede wat nie van die wêreld af kom nie. Vir die volgende paar weke ervaar ek die nabyheid van Hom asof ek my hand kan uitrek en kan vat aan Hom. Ek leef asof ek toe gevou is in Sy hande. Die dokters bring goeie en slegte tyding – ek hoor dit , voel dit , en weet dadelik met vrede hoe om elke situasie te hanteer.

Dis 'n jaar later en ek staan op my knieë met Bybelstudie voor ek gaan slaap. My teks vers: Joh 14:27. Ek voel 'n warmte oor my. Ek weet hoe daardie vrede voel. Die soort vrede wat nie van die wêreld kom nie. Moet erken; ek kan nog nie baie teksverse uit my kop aanhaal nie, maar Hy is so naby dat Hy dit in my oor kon fluister.

My bede vir almal is vrede wat jou verstand te bowe gaan. Hande wat jou toevou wanneer jy dit die nodigste het, en die wete dat Hy in jou oor fluister. Jy moet net luister...

KIMBERLEY-WES DEEL LEKKER STYWE DRUKKIES UIT…

Liewe Susters van die Noord Kaap – lekker stywe drukkies vanaf Kimberley-Wes gemeente.

Hoewel daar die afgelope vier dae geen water in die krane van Kimberley was nie en die winkels geen water te koop gehad het nie, het ek regtig net die minderbevooregtes in Jesus se hande gesit. Ek het 'n storie gehoor van 'n ou Tannie wat haar apteker gebel het om te vra as hy nie asb vir haar 'n bietjie water kan stuur, vir haar vir 'n koppie tee en die res vir haar hondjie nie. Laat mens dink né hoe betrokke is ons regtig met die mense wat nie geld of 'n manier gehad het om water te koop nie.

In Kimberley-Wes is ons baie geseënd – ons tentmaker dominee Ds. Philip is nou afgetree by Korrektiewe Dienste en het meer van sy tyd vir die gemeente beskikbaar.

Ons jeug is aan die gang en 'n klomp van hulle het gaan kamp. Waar is my jong en mooi dae (nou is ek net EEN - met twee knie-, twee heupe

en twee skywe in my rug vervang) amper heel oorgemaak – die vrou van staal. Hulle moet my net kans gee dan is ek voor in die koor.

Ons vroue van die gemeente gaan weer ‘n teelepel-ete hou. Ek het eers gedink wie moet kyk en wie moet eet maar ‘n teelepel van elke pot/bak maak mos ‘n groot bord kos. Ons brei ook musse vir matrose. Ek sou graag wou weet waar in die wêreld die mense is, wat ‘n ietsie van Kimberley dra op die groot see. Ons is ook baie betrokke met ons oues-van-dae veral met volwasse doeke en ook net die lekker ruik goedjies - dit raak mos nou ‘n luukse. Gesinne wat ook swaarkry – ‘n mens moet net ‘n bietjie uit eie “boksies” loer dan sien ons hoe swaar kry mense regtig.

Ons het ‘n baie lekker gemeente – wat vir mekaar omgee en weet daar is nog baie werk in en om ons kerkie. Ek pleit net dat ons elkeen ons deel sal doen en regtig mekaar se hande vat en die wa deur die drif trek. My hartjie word so seer as ek lees hoe mense die N.G. Kerk afbreek - ons sal ons nie sommer laat onderkry nie.

Ek bid vir elke predikant in Noord-Kaapland mag Jesus julle styf vashou om Sy naam uit te dra al ken julle ons nie het ek al baie gesigte by die naam gesit na die Sinode en weet julle sal almal julle beloning kry. Ons is trots op julle al is die werk baie, doen dit met oorgawe asseblief.

Laat my weer eens dink wat ‘n sewe jaar oue kind vermag het met sy “Letters to God” ‘n boek wat ek onlangs gelees het. Mag ons almal so wees al is dit in briefies wat ons skryf, bid of doen.

Seën en liefde van Kimberley-Wes vir almal wat swaar kry na die vloede, wat weer van vooraf moet begin as die water eers gesak het en dit net nadat party van vooraf moes begin na die vreeslike brande, nou weer die water! Ons hou julle arms omhoog. Mag Jesus julle almal naby wees.

Groete

Dawn du Preez

ORANIA - Geloof soos 'n mostertsaadjie...

Ons gemeente beskik nie oor 'n spesifieke vrouediens nie; op alle terreine werk ons manne en vroue hartlik saam. Uiteraard sal daar sekere take wees wat eerder by die vroue hoort, en andersom. Graag wil ons melding maak van 'n onlangse besondere geleentheid, van 'n uitsonderlike aard. In die gesin van pa, ma en vier kinders was alleenlik die pa gedoop sonder enige belydenisaflegging. As nuwelinge in die gemeenskap was die hele gesin besonder begerig om voluit binne die kerklike orde van ons gemeente in te skakel. Op 'n Sondag is die ma en die kinders gedoop terwyl die ouers belydenis van geloof afgelê het. Ons leraar het gedink dat dit darem 'n goeie geleentheid vir 'n fees is, en rondom 'n pragtige "doopkoek" is met groot dankbaarheid in die Here fees gevier.

Vanuit Orania se unieke aard en strewe, synde die vestiging van 'n selfstandige Afrikanertuiste, bring dit mee dat arm Afrikaners van tyd tot tyd na Orania, meestal sonder vooraf aanmelding, kom. Sekere gemeenskapsprojekte het sodoende ontwikkel: Elim Arbeidsentrum vir veral jong werklose mans met die oog op inwerkplasing en opleiding; 'n Noodbehuisingskema vir die tydelike vestiging van gesinne en uiteindelike gemeenskapsinskakeling; Die Kleretrommel waar geskikte gebruikte klere teen 'n minimale bedrag bekom kan word.

Behoeftes kring uit, soos byvoorbeeld die daarstelling van 'n "Elim-vir-Vroue". Ons leraar, prof. Carel Boshoff, het uiteindelik die inisiatief geneem om ontmoetings met die Ring en verteenwoordigers van die onafhanklike welsynsinstansie onder beskerming van die Noord-Kaapse Sinode en ons gemeente te reël met die oog op samewerking in hierdie verband. Vrugbare gesprekke het plaasgevind en sal voortgesit word.'n Jaar of wat gelede was Orania-gemeente tien jaar oud. Ter herdenking is aan elke gemeentelid 'n botteltjie met mosterdsaad beskikbaar gestel: Geloof soos 'n mosterdsaadjie. Dit dien steeds as inspirasie vanuit die Woord tot volharding in die geloof en geloofswerke.

Groete uit Orania.

Grootdrink nuus

Grootdrink het die afgelope 2 maande van 2011 gestand aan sy naam gedoen. Alle boerderye het of deurgeloop onder die Oranjerivier se vloedwaters of gereelde reënbuie het die aarde deurnat. Almal se gemoedere was tot oorlopens toe vol en moedeloos van al die water.

Die laaste week van Februarie beleef ons Gemeenskap meer sonskyn weer en dan besef 'n mens hoeveel genade ons elke dag ontvang het en hoe afhanklik ons van ons Skepper moet wees.

Tenspyte van al die wedervaringe is Grootdrink Gemeente in die proses om te beroep vir 'n leraar. Proponent Melt Loubser help tans by ons uit en is regtig 'n bron van bemoediging en inspirasie in die tyd van herstel na die vloed, die pogings om te oes en te red wat te redde is.

Elke Sondag sorg die vrouens vir Blomme in die kerk, 'n lekker koppie tee na die tyd en 'n klein biblioteek word beman om vir die boekwurms te help om 'n boek uit te neem. Die Kategese het vanjaar 'n nuwe formaat aangeneem. Die predikant rig die preek so in dat oud en veral jonk dit moet verstaan. Na die erediens kom al die kategese kinders bymekaar en dan word daar vrae gestel en gevra om sodoende vir die kind dit meer prakties verstaanbaar te maak.

Tans het ons 2 Bybelstudiegroepe wat elke Dinsdag bymekaar kom. Hul funksioneer baie goed, bedien die hele Gemeente en gaan van krag tot krag.

Ons gemeente bestaan uit 9 wyke. Elke wyk kry 'n maand waarin daar een wyksverkoping gehou word. Dit het die vrouediens dankofferkoevertjie vervang en werk baie goed. Daar word gewoonlik heerlike gebak verkoop.

Elke einde van die maand is daar 'n Grootdrink Saamkuiergroep waar oud en jonk aan 'n program kan kom deelneem en net informeel lekker kan kom saam kuier. Na die tyd is daar gewoonlik iets om te geniet.

Die Vrouediens Algemene Vergaderings geskied kwartaalliks. Elke diensgroep kry ‘n beurt om dit te beplan. Die eerste vergadering van die jaar hou ons gewoonlik saam met die Wêreldbiddag vir Vroue.

Ons gee elke kwartaal ‘n boekie, die Wandel-in-die-Lig uit, wat deur ‘n groep vrouens behartig word. Dit bevat Gemeente- en allerlei Grootdrinknuus.

Met elke Kerkraadsvergadering sorg die Kerkraadsvrouens dat daar ‘n toebroodjie en tee beskikbaar is, sodat daar na die vergadering bietjie informeel ook gesels kan word.

Tans is ons alreeds besig om vir die Basaar in Junie-maand te beplan. Ons beoog om ‘n opelug Basaar met ‘n tem ate hou. Daar sal ook ‘n teetuin met musiek wes wat die dag sal op vrolik. Ons glo en vertrou dat ons weer ‘n verrassende rekord bedrag sal in.

Laastens wil ons net groete stuur aan al die Noord- Kaap Gemeentes. Jul is baie welkom om by ons te kom kuier, al is dit ‘n klein Gemeente het die lidmate GROOT, opregte en gasvrye harte. Sterkte ook aan alle omliggende gemeentes wat deur die vloed en reënskade geraak is.

Grootdrink Groete

Althea Liebenberg



KAN NIE MEER WAG VIR 13 EN 14 MEI

Vrouediens Kuruman

Kuruman gemeente en gemeenskap het baie om voor dankbaar te wees. Ons gemeente het begroot om vanjaar ‘n finansiële tekort van ±R200 000-00 te hê, maar volgens alle aanduidings lyk dit of die finansies gaan gelyk breek. Ons omgewing het genoegsame reën gehad en die Kalahari is vanjaar uitsonderlik mooi.

Die vrouens is aktief en het pas meer as R13 000-00 se pannekoeke ten bate van die ouetehuis se gemeenskapsbasaar gebak en verkoop.

Gedurende die nag van 27-28 Februarie het elke kind se wens waar geword, maar die kinders het gou agtergekom dat dit nie so wonderlik is as wat hulle verwag het nie. 'n Groot deel van Hoërskool Kalahari het afgebrand, waarskynlik weens 'n inbraak. Dit het gevolg dat baie werk oor gedoen moet word. Ons graad 12's word veral erg nadelig geraak en ons gebede gaan uit na ons skoolhoof en sy onderwysers.

Judette van Zyl

NG Gemeente Kimberley (Newton) berig :- (Deur Retha Nagel)

Die jaar 2011 het aangebreek en lê onbekend voor ons uitgestrek. Tog het 2010 se uurglas in 'n oogwink leeggeloop en kan ons maar net hoop en vertrou dat hierdie jaar vir ons land 'n goeie jaar sal wees. Met die milde reën wat tot dusver geval het, het dit egter ook baie skade en verliese meegebring. Ons is in die gelukkige posisie dat ons nie so erg geraak is deur die vloede nie, maar ons harte gaan uit na ons broers en susters elders in die Noord-Kaap wat erg hierdeur geraak is. Ons vertrou dat die gemeenskappe gou weer op die been sal kom.

Wel, soos berig was in die vorige uitgawe van die Pienkboekie, het die semi-gospel konsert op 5 Desember 2010 wat deur ons eie begaafde Dr. Lukas Basson aangebied was, alle verwagtinge oortref. Meer as 500 kaartjies is verkoop en diegene wie dit bygewoon het, was geensins teleurgestel nie. Met die klanke van "You raise me up"; "Amazing Grace"; "Bly by my Heer"; "Somerkersfees" en vele meer, wat gunstelinge van Jim Reeves en Elvis Presley ingesluit het, is die hartsnare geroer en daar was beslis 'n traan tussendeur afgevee. Wat 'n wonderlike samekoms was dit nie! Die Vrouediens het ook 'n baie geslaagde kunsuitstalling tesame met 'n steak-ete aangebied op 29 Oktober waarby die netto bedrag van R3737,20 ingebring was. Van ons eie vrouedienslede, wie kunsklasse bywoon wat deur Alida van Niekerk aangebied word, het van hul werke uitgestal. Voorwaar 'n begaafde en talentvolle klompie vroue, hoor!

Ons gaan vanjaar verder voort met ons maandelikse markdae wat op die eerste Saterdag van elke maand gehou word. Heerlike worsbroodjies, sosaties, pannekoek en ander lekkernye, asook verskeidenheid van plante ens word verkoop vir fondsinsameling. Daarby word ou klere ook van die hand gesit en baat veral ons huishulpe en ander hulpbehoewendes hierby. Ons groot Basaar/Motorskou vind later vanjaar op 3 en 4 Junie plaas en beloof om weereens 'n groot fees te wees.

'n Groot bekommernis wat ons egter na aan die hart lê, is ons jeug. Ons vra spesiale voorbidding vir leiding van ons jongklomp, want die jeugaksie kom maar net nie aan die gang nie en blyk dit dat hulle nie wil inskakel en inisiatief neem in die gemeente nie. Maar ons wil nie negatief wees nie, want met 'n e-pos wat ek so 'n rukkie gelede ontvang het oor 2 donkies wat in die veld naby Jerusalem gewei het, kry ons weer hoop. Die storietjie gaan soos volg:- Een donkie sê aan die ander: *"Ek verstaan dit nie – eergister nog het almal my toegejuig en hul klere en palmtakke op die pad gegooi sodat ek met Jesus op my rug, daaroor kon loop. Maar van gister af, is ek net mooi niks nie. Niemand sien my raak nie. Ek is maar net 'n vaal ou donkie."* Die ander donkie antwoord hom en sê: *Ja, dit werk maar so – sonder Jesus is jy niks in die wêreld nie."*



Ja-nee, met Jesus aan ons sy, kan ons bendes stormloop en is ons tot alles in staat deur Hom wat ons krag gee. Juis daarom hoef ons nie bang te wees vir hierdie nuwejaar en al sy onbekende uitdagings nie, want ons weet ons hulp en krag en sterkte vir elke dag, kom van Bo. Mag 2011 vir elkeen van u 'n baie besondere, geseënde jaar wees. Ons sien mekaar by die Vroue-kuierfees! Ons kan nie wag om dit by te woon nie!

Op 17 Februarie 2011 het die Ring van Griekwastad se leraars en skriba's op Lime Acres bymekaar gekom vir 'n "Ken mekaar" geleentheid. Saam met hulle het ds Linda en Chrissie (Leraar en skriba van VGK Daniëlskuil/Lime Acres) asook ds Pierre Cilliers (Leraar Geref Kerk Daniëlskuil) saam gekuier. Die besoekers van Douglas berig soos volg:

ONS SPAN UIT OP DIE LIME ACRES WERF

Sommer vroeg-vroeg moes ons al in die pad val om darem die maksimum genot uit die dag te kry. 'n Skriba en selfs dominee kry nie baie sulke dae in die jaar waar jy net kan ontspan en geniet van iets anders as die daaglikse take nie.

Daar gekom kon ons dadelik wegval met 'n heerlike treksel boeretroos en eetgoedjies.

Ds Gerhard, baie dankie vir die pragtige uiteensetting en bespreking van *DIE WOORD HET MENS* geword. Dis weer so mooi duidelik beklemtoon dat ons slegs deur woorde kan kommunikeer, en om jou geestelik verstaanbaar te maak vir die wêreld moet jy *Die Woord* verstaan/bestudeer/glo en dit gebruik/uitleef na buite. Deur dít te doen sal jy self dan ook groei. Dit was so interessant dat die myn se bussie 'n bietjie vir ons moes wag vir ons volgende uitstappie.

Banie het ons daar welkom geheet en oorsigtelik aan ons die kalkmyn se bedrywighede en waarde in die SA ekonomie verduidelik. Ons het nooit besef hoe belangrik kalk in ons alledaagse lewe is nie. Hierna is ons fisies na die terrein waar daar gemyn word. Barnie – hy weet sowaar alles - het ons gewys op die verskillende kalklyne in die grond, hoe die rots verpoeier word deur reuse *crushers* en ook hoe die grond, na die myn uitgedien is, weer gerehabiliteer word. Die pragtige helder turkoois kleur van die grondwater het mens sommer laat voel om te gaan swem - dit het mos nou al lekker warm begin word. Die busbestuurder het tot ons redding gekom en ons 'n lekker koue drinkdingetjie gegee. Hier het mens ook net weer besef hoe gelukkig die dorp se mense is om sulke skoon drinkwater te kan hê. Dankie ook aan die Banie en sy personeel wat vir ons die heerlikste eetgoed vir middagete voorgesit het.

Terug by die kerk het die leraars nog sowat 'n uur beraadslag, terwyl die skriba's in die kerk gaan sit het om onder andere na Lemvia se orrelspel te luister. Ons kon ook weer lekker ondermekaar 'n bietjie klets oor alles en nog wat. Terug in die konsistorie ontdek ons toe die allerheerlikste nagereg en koffie/tee. Mens, was dít nou vir lekkerbekke soos ons 'n groot bederf – sommer tweekeer ons bordjies volgepak!! Dankie aan die susters wat vir ons reggestaan het.

Ons was rêrig nog nie lus om weer huistoe te gaan nie. Ds Frans moes ons behoorlik aanpor om in die kar te klim. Op die terugpad het ons gou 'n uiltjie geknip terwyl Ds ons veilig huistoe geneem het. Ook baie dankie aan hom dat hy sy gemaklike Nissan aan ons beskikbaar gestel het. Ons tjorretjies sou dit nie gemaak het nie.

Weer eens baie dankie aan Janetta en haar span. Nooi ons asseblief sommer gou weer. Al die ander leraars en skriba's wat nie daar was nie, julle het iets gemis!

Groete en liefde van Ds Frans, Lemvia en Anneke

KOM ONS LEES

Jongste Bybelkor-publikasie

Die Gees maak alles nuut

Individuele Bybelstudies plus ses byeenkomste vir kleingroepe

Skrywers: Johann du Plessis, Hennie Fouché, Eddie Orsmond, Rethie van Niekerk

Unieke Bybelstudie vir Pinkster óf Kleingroepfokus tydens Pinkster.

Neem jouself (of gaan saam met jou gemeente) op 'n Pinksterreis van 40 dae deur Handelinge

Het jy al ervaar dat 'n nuwe intrekker plekke in jou bekende omgewing besoek waarvan jy nie eers geweet het nie?

Of het jy al in 'n toerismegids of -tydskrif gelees oor plekke waar jy reeds was, maar dan kan jy nie glo wat jy alles gemis het terwyl jy daar was nie?

Dit kan ook met die boek Handelinge gebeur – as jy die moeite wil doen om 'n bietjie dieper te delf. Daar lê 'n ongelooflike reis voor!

Vir hierdie 40 dae lange reis het die skrywers spesifiek twee belangrike lense gekies om die verhaal in Handelinge mee te lees: (1) *Die beweging van die Heilige Gees* en (2) *Die weerloosheid van gelowiges* in hulle getuienis.

Prys: R80,00 (BTW ingesluit)

BESKIKBAAR TEEN 10 MAART 2011 – Bestel sommer dadelik!

Die vrou en...

Verhoudings

"AL BLY MY WERKENDE KIND IN DIE HUIS, HY IS NIE MEER 'N KIND NIE"

Janetta het my gevra om 'n artikel te skryf oor: Hoe hanteer ouers hul werkende kind[ers] wat saam met hulle in die huis bly? Ek het nie 'n diepgaande studie van die probleem gemaak nie en skryf sommer 'n klomp losgedagtes neer.

Na ons tweede kind universiteit toe is, moes ek en my vrou vrede maak met ons leë nessie. Ons het gou uitgevind dat dit nie nét sleg is nie. Ons het baie verlang en die huis was stil maar ons het baie tyd vir onsself en mekaar gehad. Ons het ook meer tyd vir ons vriende gehad. Nog meer salig: Ons het nie in die aand wakker gelê en wag dat 'n kind na middernag terugkom nie. Ek weet hulle het op Stellenbosch nog later ingekom maar ons het nie daarvan geweet nie en daarom het ons rustig geslaap.

Die wonderlikste wat gebeur het met ons en die kinders was dat hulle uit die huis is en self moes regkom in 'n onbekende wêreld. Hulle moes op hul eie bene staan en self besluite neem. Regte en verkeerde besluite maar hulle moes die gevolge dra. Baie kinders en ouers is nie so bevoorreg nie.

Op 'n dag kom hulle terug en dan kom tree hulle jou privaatheid binne. Aanvanklik is dit wonderlik maar soos die tyd aanloop begin ons mekaar irriteer. Ek is omgekrap omdat ek tot in die oggendure moet lê en wag. Die begrafnis lê en beplan. Môre is hy omgekrap omdat ek mor oor die laat-inkommery. Hulle kamers lyk so sleg dat ek die deur toe hou as daar vriende kom en al die huis se handdoeke lê in sy kamer op die vloer.

Dit is nie maklik vir ouers en werkende kinders om in een huis te bly nie. Ons tye verskil want die oumense gaan slaap 21:30 en die jongmense se naglewe,

wat vir hulle lewensbelangrik is, begin eers na 22:00. Ouers sien elke foutiewe besluit van die kind raak en wil, met goeie reg, dit so gou as moontlik uitwys, die kind dissiplineer.

Elke kind het nodig om uit sy foute te leer. Self tot die insig te kom dat hy 'n verkeerde besluit geneem het. Self besluit hoe hy daarop gaan reageer of hoe hy dit gaan regstel. Dit is al hoe hy sal leer om homself te dissiplineer. Hou op om jou werkende kind te probeer dissiplineer. Jy het jou kans gehad. Hy of sy is nou 'n volwasse mens – al tree hulle nie elke keer so op nie.

Die kind sal moet verstaan dat dit nie sy huis is nie en dat hy eintlik 'n loseerder is. Dat sy verblyf net tydelik is en dat hy so gou hy dit kan bekostig sy eie verblyf moet kry. Dit sal goed wees as die werkende kind van die begin af losies betaal. Daarmee sal hy van die begin af mede-verantwoordelikheid aanvaar. Dit gee hom die reg om hier te bly en kan die ouer hom nie, elke keer as jy kwaad is, dreig met uitsetting nie.

Stel so gou moontlik gesamentlike huisreëls vir julle op. Reëls wat vir albei partye aanvaarbaar is. Dit vra dat albei partye toegeeflik sal wees. Reëls wat vir julle gesin toepaslik is. Julle sal van tyd tot tyd moet praat of die reëls nog vanpas is. Laat die kind van die begin af sy eie bed opmaak en sy handdoek ophang. So nie sal hy deel van die huiswerker se salaris moet betaal. Die tye wat maaltye plaasvind moet vasgestel word en duidelike reëlings moet geld as iemand vroeër of later eet.

Dit is noodsaaklik dat ouers nie met mekaar voor die kind moet baklei oor hul egmaat se optrede teenoor die kind nie. Ek weet dit is baie moeilik om stil te bly maar moenie jou egmaat voor die kinders afkraak nie. Los hom/haar en die kind uit. Dit is nie noodsaaklik dat ouers die kind dieselfde hoef te hanteer nie.

Ma's moenie aanmekaar neul nie. Moet ook nie dreig of verwyt nie. Dan het jy die kind uit die gesprek verloor. Pa's moet julle nie elke keer gerieflik uit die gesprek onttrek nie. Roep 'n huisvergadering byeen en sorteer die probleem as volwassenes uit. Probeer verstaan dat dit vir die kind ook sleg is as julle baklei en mekaar verwyt.

Ek wil afsluit: Dit is ‘n voorreg vir ouer en kind om saam in een huis te bly. Dit is dalk nie meer vir lank nie. Dit is ‘n voorreg om vir nog ‘n paar jare só nou betrokke te wees by jou kind se grootmens-jare. Deel te wees van sy instap in die grootmens-wêreld. Geniet dit en moenie net in die negatiewe vaskyk nie. Kyk maar verby en sien maar oor. Byt op jou tande en tel tot by twintig. Maak dit vir die jongmense lekker om by die huis te wees. Moet hulle nie bederf en alles vir hulle doen nie. Dit is onrealisties en jy sal nie op die langduur daarmee kan volhou nie.

Gee hulle geleenthe id om self te besluit en die gevolge te dra. Laat hulle self besluit hoe laat hulle opstaan en hoe laat hulle in die aand inkom en of hulle wil kerk toe gaan. Probeer om hulle te hanteer as werkende jongmense wat in hul eie woonstel bly. Maak seker dat julle die jongmense respekteer.

Ds FD Hugo

☺ ☺ ☺

Die gesin is die plek waar die fondament

Van ‘n samelewing gelê word. In dié opsig bly

Die ou gesegde altyd waar: die hand wat die wieg skommel,

is wat die wêreld regeer…



Hoeveel van jou vriendinne

gaan saam met jou? Nooi hulle saam.

Onthou 13 en 14 Mei is dit Vrouenaweek

PROJEK VIR FONDSINSAMELING

DIE TSOTSI-EVANGELIE

LUISTER WEER NUUT NA 'N BEKENDE EVANGELIE!

Frans van Rensburg het die Mattheus-Evangelie omgesit in tsotsi-afrikaans met 60 Jesus-gedigte.

Belia Lourens het die toonsettings daarvan gedoen en 'n CD uitgebring wat hand aan hand met die boek loop. (Benoemings Tempo, Afrikaanse Musiektoekennings en Vonk)

Met woordkuns en musiek bedien hul die Jesus-verhaal op 'n unieke manier.

"Hoe notch jy die wrong in jou broerkie se globe, marrie wrong down in jou eigene globe notch jy nie? ..."

SOMME – Frans van Rensburg

Die Headmaster het Hom geskool
1 + 1 = 3
Oor Hy die teachers se somme nie kon doen,
hille't Hom gehangpaal na die soen.

ANTWOORD – Frans van Rensburg

Virrie blou van onse hjemel,
virrie diepte van ons see,
vi ons sewe ge gebergtes,
sal nettie Jirre antwoord gjee.

Produksies by Aardklop, KKNK, Inniebos ens.

GESKIK VIR OGGENDTEE'S, GEMEENTE-ETES EN ERE-DIENSTE

Ook spesiale aangepaste program vir Kersfees!
KRISMIS IN AFRIKA

BESPREKINGS:
083 77 88 097
of 022-9312067
sing1@telkomsa.net

www.belia.com

VROUEFEES

13 EN 14 MEI 2011 te PRO REGNO

Die 13de en 14de Mei kom al nader en daarmee saam, die lekker van die **Vrouefees**! Ons herinner u graag dat die spreker Amanda Swanepoel van Melkbosstrand is en dat sy die tema "Christenvroue leer, leef en dien met liefde" sal behandel. Soos gewoonlik wag daar ook ander vreugdes op elkeen wat die fees sal bywoon.

Aangesien elke terrein en lokaal maar beperkinge het op die hoeveelheid mense wat geakkommodeer kan word, moet ons dit ook in ag neem vir die Vrouefees. Inskrywingsvorms is aan elke gemeente gestuur en elkeen wat belangstel moet so gou moontlik inskryf, om teleurstelling te voorkom. Die koste is R200 per persoon, etes en verblyf is natuurlik ingesluit. Doen asseblief navraag by die skriba in verband met die inskrywingsvorms. Die sluitingsdatum vir inskrywings is 15 April 2011.

Elke persoon wat na die Vrouefees toe kom, word versoek om 'n blom saam te bring na die fees toe - dit kan maar 'n kunsblom ook wees. U blom gaan ook deel wees van die feestelikheid!...

Behalwe vir die heerlike tema wat deur ons spreker aangebied word, moet ons ook by die Vrouefees, die verteenwoordigers uit elke ring, vir die volgende twee jaar, aanwys. Die doel van hierdie komitee (Vrouelessenaar) is om die dienswerk aan en van die vrouelidmate in die NG Kerk in die Noord Kaap, te ondersteun. Ons wil graag mekaar

se hande vat om in die spesifieke behoeftes van vrouelidmate te voorsien. Om hierdie rede wil ons persone wat sterk voel oor hierdie saak, aanmoedig om hulself bereid te verklaar om hul ring by die vrouelessenaar te verteenwoordig, sodat dit die aanwysing van 'n verteenwoordiger kan vergemaklik. Daar moet ook weer verteenwoordigers vir die Pienkboekie aangewys word! Bid asseblief nou reeds dat die Here elke persoon wat aangewys sal word, sal voorberei vir hierdie taak. Die hoofdoel van al ons werksaamhede is en bly steeds om God te verheerlik in alles wat ons doen!

Meld asseblief om 17H30 aan voor die saal by Pro Regno, naby Barkly-Wes.

Ons sien uit om u by Pro Regno te sien!

Groete in Christus

Louise

PADKAART NA PRO REGNO

Indien jy nie weet hoe om daar uit te kom nie, skakel die sinodale kantoor (Fernette Fourie) by tel nr:

0538329581 en vra vir 'n padkaart.

Nou weet jy wat gebeur 13 en 14 Mei – gaan jy nog uitstel –

Skryf vandag nog in!!

NOORDKAAP EN VLOEDE

Ek is heel afgesny van die wêreld a.g.v. die vloed.

Soos berig Elize Smit – Skriba Neilersdrif.

NEILERSDRIF ... AFGESNY VAN WêRELD

Oppad na die kerk toe.

Ons woon op Skanskop eiland. Soos die naam aandui is dit tussen twee riviere. Almal ry tot op die punt van die eiland en moet dan links na die dorp of regs na die kerk, oor 'n brug ry. Die water van albei strome het saam teen ons eiland se kop opgestoot. Met die eerste hoogwater was ons ongeveer 'n week, en met die tweede keer ongeveer tien dae, op die eiland vasgekeer.

Vir noodgevalle was daar twee boere, Nico Visser en Bokkie van der Merwe, wat mense per boot oorgeneem het.

Barkly-Wes...

A. SEKRETARESSE VAN NG WELSYN SE ANGSNAG

Me. Louise Dippenaar en haar gesin het op 25 Januarie 2011 'n angsnag beleef toe vloedwater op Barkly-Wes deur hulle huis gespoel het. Louise is die sekretaresse van *NG Kerk Kinderhuis Noord-Kaap – ontwikkeling en bemarking* by die sinodale komplekse te Lawsonstraat 72.

Die vloedwater het "alles gevat"... die gesin en hulle troeteldiere is deur die polisie met behulp van 'n boot na droë grond gebring.

Volksblad 26 Januarie 2011 het as volg berig:

Toe siedende vloedwater in die Oer-Vaalrivier se prehistoriese bedding dié dorp gisteroggend vroeg in twee klief, het 'n gesin van vier ylings met hul troeteldiere na veiligheid op 'n bultjie gevlug.

Dit is een van talle dramatiese verhale wat hulle hier afgespeel het toe dié woedende dorpspruit die hoofstraat eensklaps met water verswelg het.

Dorpenaars, besoekers en swaar vragmotors het hulle so skuins ná dagbreek in 'n oogwink aan weerskante van die malende bruin watermassa bevind. Teen laatmiddag was dié besige pad wat Kimberley met die mynboustreek op die Ghaapse plato verbind, nog vir verkeer gesluit.

Vir mnr. Wally Dippenaar (30) wat 'n huis in die leegte naby die Jannie Roux-kinderhuis huur, was dit 'n onrustige nag.

Kort-kort het elektrisiteit geklap by die spoorlyn wat parallel met die grondpad loop. "Omstreeks 21:00 is die krag af. Ons het gaan slaap."

Omstreeks 05:00 het sy vrou, Louise (32), hom wakker geskud. Malende water het die huis omring. Vloedwater het ook die nabygeleë huise van mnre. Japie Erasmus en Fanie van Aswegen omgewe.

"Ek het die honde ingebring," het Dippenaar kalm vertel. "Water het deur die agterdeur gebars. Binne minute het ek in water van 'n meter diep gestaan."

Dippenaar het hul kinders, Boeta (6) en Geralize (12), na 'n bultjie in die veld gedra. Hy het toe die twee Duitse herdershonde, Sheila en Bumble Bee, die pikanees, Stoffel, en die kat, Sokkies, soontoe gevat.

"Die televisie en huisgoed het na die spoorlyn gedryf. Ek het 'n paar stukkies klere gegryp. Die motor was ook onder water." Die polisie het die gesin en hul troeteldiere later met 'n kano tot op droë grond gebring.

Gistermiddag het Dippenaar se ouers, mnr. Johan en mev. Ans Dippenaar en familielede van Boshof, op die dorp aangekom. Die wedersydse groetery was aandoenlik.

"My pa het ons gered," het Boeta trots gesê.

"Dis net die Here se genade dat ons kinders nog lewe," het 'n bewoë Ans uitgeroep terwyl sy hulle omhels het.

Mev. Louise Dippenaar, 'n administratiewe klerk by die kinderhuis, het trane uit haar oë gevee.

Mnr. Stefan en mev. Karlien Fourie van Barkly-Wes het die gesin Dippenaar onder hul vlerk geneem totdat hulle weer 'n woning het.

Mnr. Louis de Kock van die plaas Wildeklawer naby die dorp sê in sy pa, mnr. Kenny de Kock (77), se lewe was die spruit nog nie so vol nie.

Die vloedwater is afkomstig van rante waarin die Oer-Vaalrivier etlike miljoene jare gelede gekronkel het. 'n Wolkbreuk het die oorstroming waarskynlik veroorsaak.

Die spruit wat deur die dorp loop, is deel van die oerbedding wat verby Kantien-Kopje tot in die Vaalrivier geloop het.

Dié oerbedding van sowat 30km is miljoene jare toegeslik sodat die Vaalrivier sy nuwe rivierloop in 'n hoefyster verby die plaas Wildeklawer gevat het.)Net buite Windso rton op die pad na Kimberley het nog 'n wolkbreuk in die koppies die teerpad omstreeks 10:30 byna vir 'n kilometer oorspoel. Dit was verskeie ure lank vir verkeer gesluit.

Indien julle hierdie gesin wil help kan julle vir:

JANNIE VAN ZYL SEL NR: 0827180918 KONTAK

Rustige stroompie

Eis lewe van ‘n jong dogter.

POSTMASBURG

AUGRABIES

Sommige foto's gekry via email

KAKAMAS...

Ons dink aan almal wat gedurende die vloed skade gelei het.

Brug by Kakamas.

Ons dink ook aan al die ander gebiede in die Noordkaap wat geraak is deur vloede.

Vertel ons in die volgende uitgawe hoe die Here julle in hierdie tyd omarm het.

MAAK 'n VERSKIL

Carina Benadé

In 2010 met sy hoogte en laagte punte het die Here dit op my hart gedruk om 'n verskil te maak. Hoe Here het ek gevra- Wees jy die verskil wat jy wil sien....

Ons het almal drome en verwagtinge, maar is ons droom en verwagting die identiese plan wat God vir ons het? Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om by God te hoor wat is Sy plan met ons lewens. God het die antwoord nog voordat ons die vraag vra, en Hy sal ons antwooord. As ons gehoorsaam is en dit doen wat God van ons verwag sal Hy ons seën!

As die jaar 2010 meer laagte punte as hoogte punte gehad het kan jy maar weet – God het groot planne vir jou!! Met elke eina in ons lewe het God 'n plan. Hy maak ons sterker om nuwe en groter uitdagings te kan aanpak deur Sy genade. Ons moet egter weet – uit ons eie kan ons niks doen nie, ons krag lê in stil wees en vertroue in God.

Die jaar 2011 kan 'n verskil in jou lewe maak, omdat jy 'n verskil in iemand iemand anders se lewe kan maak. As jy voel jy kan nie 'n verskil maak nie, want jy is maar net jy, is dit juis vir jou wat die Here wil en kan gebruik! God wil ons vry maak van al ons negatiewe gedagtes oor ons-self. Ons is soms ons eie grootste vyand omdat ons onsself afkraak, en nie besef wie ons in God is nie. Besef ons, ons is na die beeld van God geskep...?

God sê ons moet ons losmaak van die verlede en ons uitstrek na dit wat voorlê. Ons verlede beteken vir God niks, dit is oor ons toekoms wat Hy begaan is. As ons God se salwing in ons lewe wil ervaar moet ons onsself ondergeskik stel aan Sy heerskappy.

Ons kan die verskil wees wat die wêreld nodig het. As ons 'n verskil in een persoon se lewe maak word GOD verheerlik.

Is ek en jy beried om die verskil te wees? Bid en vra God om jou geestesoog oop te maak, sodat jy Sy plan vir jou kan sien. Vra God om jou geestes ore oop te maak, sodat jy Sy stem kan hoor, Hy sal jou antwoord as jy vra wat Sy wil is.

Jy kan ‘n verskil in iemand se lewe maak deur bv. net vriendelik te groet, ‘n sms te stuur of om die skouer te wees vir die persoon as hy/sy wil huil. Hierdie is nie ‘n SIELKUNDIGE SESSIE nie, maar ‘n OMGEE SESSIE!! Wie kan iemand beter verstaan as die persoon wat al self deur min of meer dieselfde krisis moes werk?! Ek is nie ‘n sielkundige nie, maar sal bv. baie begrip met ‘n vrou kan hê wat deur die pyn van ‘n miskraam worstel... want ek kan uit ondervinding praat, 2 miskrame en 2 buisswangerskappe verder is nie iets wat jy sommer so agter jou kan sit nie.... Die seer wat ons soms in die lewe ervaar, is dalk die salf vir iemand anders se seer!!

God is lief vir jou en my, ons moet dit glo. Ons moenie toelaat dat ons omstandighede ons gevoelens bepaal nie. Ons moet uit God se genade ons oorwinning leef. Moenie toelaat dat ander mense se opinies jou van jou potensiaal of gesond word beroof nie!!

As dit ook jou droom of visie is om ‘n verskil in iemand anders of in jou eie lewe te maak kontak my gerus. Jy kan my bv. **bel, sms of ‘n e-pos stuur om te sê ek is bereid om die oor te wees vir iemand wat bv. “die” probleem het. As jy deur ‘n spesifieke situasie worstel bel, sms of e-pos my en ek stuur jou besonderhede aan iemand wat kan luister. Ons moet onthou ons is net die oor nie die sielkundige nie!**

Hierdie omgee aksie is my manier om iets van myself te gee. Maak nie saak waar jy woon of wat jou omstandighede is nie, as jy kan bel, sms, e-pos of bid is jy welkom om deel te wees van die verskil. Ons bepaal ons eie toekoms in ‘n mate en as dit vir jou voel jou lewe is” saai” en jy voel jy soek na iets is dit miskien vir jou wat God wil gebruik om iets vrugbaars in iemand anders se lewe te saai. Ek kan jare lank net sit en droom... of ek kan opstaan en die eerste tree in die geloof gee. Al persoon wat die keuse kan maak is jyself.

Of die omgee aksie suksesvol gaan wees, dit weet ek nie, maar as dit tot God se eer is en dit maak ‘n verskil in een persoon se lewe was dit suksesvol. Die liefde genees mense- die wat dit ontvang, maar veral die wat dit onvoorwaardelik gee. (Karl Menninger) God se barmhartigheid

teenoor die wêreld staan nooit los van sy kinders se dade van barmhartigheid nie, God se liefde kry sigbare hande wanneer sy kinders soos sy kinders lewe – deur omgee.

Kontakbesonderhede:

Carina Benadé

Sel: 079 343 9593

E-pos: omgee.hart@gmail.com

Prediker 4:9 -12

Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets.
As die een val, kan die ander hom ophelp.
Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.

Johannes 19:25-27

Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun"
Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder"

Here Jesus, gee vir my dieselfde omgeeliefde wat U aan die kruis openbaar het. Help my om ander opreg liefte hê. Here dankie vir mense wat daar is vir my, wat my liefhet en ondersteun en my help al het ek geval. Dankie dat hulle bereid is om na my te luister.

IETS OM OOR NA TE DINK…

Die Dominee se Seuntjie:

Die dominee en sy elfjarige seuntjie het die gewoonte gehad om elke Sondagmiddag na kerk die dorp in te vaar en traktaatjies uit te deel met die evangelieboodskap op. Een Sondag kom die seun by Pa aan, toegewikkel in sy warmste klere: "Ek is reg pa!" Die dominee is effens uit die veld geslaan - dit is bitter koud en die reën kom af in emmersvol. "Nee Seun, ons kan nie vandag gaan nie - nie in hierdie eendeweer nie.." Teleurstelling is duidelik op die outjie se gesig te lees: " Maar Pa .. gaan mense dan nie Hel toe as dit reën nie?"

"Kyk Seun, ek gaan beslis nie in sulke weer uit nie!"

"Maar mag ék dan maar gaan Pa? Asseblief Pappie."

Nadat die dominee goed oor die saak gedink het, gee hy vir sy seuntjie 'n pak traktaatjies om te gaan uitdeel, en opgewonde vaar die outjie alleen die sopnat strate in.

Daar was byna g'n siel te siene op straat nie, dus loop hy van deur tot deur en deel sy traktaatjies uit. Na twee ure se harde werk het hy nog net een traktaatjie oor. Sopnat gereën en bibberend van die snerpende koue stap hy na 'n huis toe om sy laaste traktaatjie af te gee. Hy lui die klokkie, maar niemand maak oop nie. Hy lui weer 'n slag, maar binne is dit doodstil. Dan druk hy die knoppie met méning, en lui en lui, maar binne gebeur absoluut niks.

Uiteindelik draai hy om om te loop, maar dit is asof 'n stemmetjie binne in hom vir hom sê om terug te gaan. Hy draai om, lui weer die klokkie, en begin om aan die deur te klop, en later te hamer met sy vuis. Dit is asof iets hom by daardie deur hou. Net toe hy wil moed opgee gaan die deur stadig oop. 'n Ou tannie wat duidelik baie bedroef is vra vir hom of sy hom kan help met iets. Met ogies wat glinster en 'n glimlag van oor tot oor gee hy vir haar sy traktaatjie: "Ek is jammer ek het Tannie gepla, maar, maar ek wou net vir Tannie kom sê dat Jesus 'rêrag' vir Tannie lief is.. Hier is my heel laaste traktaatjie vandag - daarop vertel dit alles van Jesus en Sy groot liefde!" En daarmee gee hy vir haar die traktaatjie, draai om en hardloop huistoe.

Die volgende Sondagoggend staan die Dominee op die preekstoel. Sy oë gaan oor sy gemeente, en toe vra hy of daar dalk iemand is wat 'n getuienis het wat hy wil lewer voor die diens begin. Heel agter in die kerk staan 'n ouerige dame op, haar gesig stralend.

"Niemand ken my in hierdie kerk nie," begin sy vertel, "want sien, voor verlede Sondag was ek nie 'n Christen nie, en ek was nog nooit in hierdie kerk nie." Die mense rek eintlik hulle nekke om hierdie vreemdeling te sien. Sy begin haar verhaal vertel:

"My man is 'n paar jaar gelede dood, en toe los hy my stoksiel alleen op hierdie droewige aarde. Laas Sondag was dit 'n besonder koue, nat en mistroostige dag, en ek het net gevoel dat daar vir my absoluut niks hier oorbly om voor te leef nie. Ek het 'n stuk tou gevat en 'n stoel, en ek is op na die solder toe. Daar het ek op die stoel geklim, die tou om 'n balk vasgemaak en die ander punt om my nek. En daar staan ek, so bitterlik jammer vir myself. Ek het die einde van my paadjie bereik! Net toe ek wil spring, lui die deurklokkie - ek het my byna dood geskrik. Ek het doodstil gestaan en gedink dat wie ookal die klokkie lui sou padgee.. maar hy het nie! Die gelui het al harder en dringender geword, en ek het begin wonder wie mý deurklokkie so sou lui, want niemand het ooit vir my kom kuier nie. Naderhand het die gelui 'n geklop geword en naderhand het die persoon met sy vuiste teen die deur gehamer. Ek kon dit nie meer vat nie, en toe maak ek maar die tou los om te gaan kyk wie dit is."

"Ek kon my oë nie glo toe ek die deur oopmaak nie, want voor my het 'n seuntjie gestaan - sy gesiggie stralend soos 'n engel s'n. En daardie glimlag - ek kan dit skaars beskryf! En toe hy begin praat, is dit soos 'n engel wat met my praat: "Tannie", het hy gesê, "Tannie, ek kom net vir Tannie vertel dat Jesus vir Tannie 'rêrag' liefhet!" My hart wat so morsdood was het in my keel geklop. En toe gee hy vir my hierdie traktaatjie wat ek vashou."

"Toe hy weg is, vat ek die traktaatjie , en ek lees dit oor en oor - ek het elke woord daarin ingedrink. En toe stap ek op na die solder toe, en ek gaan haal die tou en die stoel, want toe was hulle nie meer nodig nie, want sien, ek is nou 'n Kind van die Koning. Julle kerk se adres was agter op die traktaatjie, en ek het net vanoggend gekom om te kom dankie sê vir die engeltjie wat my lewe kom red het, en my gered het van die ewige verderf in die hel."

Teen daardie tyd was daar seker nie 'n enkele persoon in die kerk wat nie gesit en trane afvee het nie. Die dominee het van die preekstoel afgeklim en sy klein engeltjie styf teen sy bors vasgedruk terwyl die trane vryelik oor sy wange loop. Daar is seker nie 'n gemeente wat 'n groter oomblik van glorie beleef het as hierdie een nie, of 'n pa wat meer vervul was met liefde en eerbetoon vir sy seun as hierdie een nie . buiten Een: hierdie Vader het óók Sy Seun in die donker, koue wêreld ingestuur om die Boodskap van Redding aan die wêreld te bring. Sy Seun was verag, verwerp, gespot, geslaan en aan 'n kruis vasgespyker. En toe alles verby was, het Hy Sy Seun terug verwelkom en Hom op die troon laat sit om te regeer oor die heelal.

Daardie Seun bring vandag steeds hoop en redding vir die wêreld, maar hy vra vrywilligers soos ek en jy om Sy boodskap met vreugde uit te dra aan mense wat verlore is.

VROUEKUIERFEES - PRO REGNO

13-14 MEI 2011

INSKRYWINGSVORM

PERSOONLIKE INLIGTING:

NAAM EN VAN: ……..

KONTAKNOMMER: ……

ADRES: ……

E-POS: ……

GEMEENTE: ……

OUDERDOM: ……

ENIGE SIEKTETOESTAND WAARVAN ONS BEWUS MOET WEES BV. DIABETES

OF VOEDSEL ALLERGIE?

……..

SLAAP REËLINGS

GAAN U VRYDAGAAND OP PRO REGNO SLAAP?……JA/NEE

ETE REËLINGS

GEE ASSEBLIEF VIR ONS 'n AANDUIDING OF U DIE VOLGENDE ETES GAAN BYWOON – OMKRING ASSEBLIEF:

VRYDAG – AANDETE	18:30 – 20:00	JA/NEE
SATERDAG – ONTBYT	07:30 – 08:15	JA/NEE
SATERDAG – MIDDAGETE	13:00	JA/NEE

INSKRYWINGSFOOI R200.00 PER PERSOON VIR DIE NAWEEK

BRING ASSEBLIEF DIE VOLGENDE SAAM:

Bybel, beddegoed, pen/potlood, skryfblok, muskietafweermiddel en gemaklike klere.

Faks of e-pos asseblief u **inskrywingsvorm wat vergesel moet wees van die inskrywingsfooi** van R200 of 'n **depositostrokie** van die inbetaling (u naam en van as verwysing) voor of op **15 April 2011** na me F. Fourie by die sinodale kantoor Kimberley.

Faksnommer 053-8328212

E-pos noordkaapsinode@xsinet.co.za

= = = =